# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**JUNIE EKSAMEN 2015**

**VRAESTEL 2**

**GRAAD 12** **PUNTE: 70**
**TYD : 2 Uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Beantwoord AL die vrae in hierdie vraestel.**

2. **Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

   **AFDELING A: KORTVERHALE {35}**
   **AFDELING B: GEDIGTE {35}**

3. **Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.**

4. **Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.**

5. **Skryf netjies en leesbaar.**

6. **Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling.**

## AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord ALLE vrae.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1 | ASTRA CASTRA – Dot Serfontein | 14 |

**EN**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2 | DIE PAKKIE – Leonard Koza | 16 |

**EN**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 3 | OP SOEK NA KID KHUMALO – Dolf van Niekerk | 16 |

**TOTAAL: 46**

## AFDELING B: GEDIGTE

Beantwoord ALLE vrae.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 4 | THUMELA – Elmé Barnard | 16 |

**EN**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5 | KONTAK – Theo de Jager | 14 |

**EN**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 6 | THINGS THAT GO BUMP IN DIE NIGHT – Rosa Keet | 14 |

**TOTAAL: 44**

**Verwerking: 46+44= 90 verwerk na 70**

## AFDELING A – KORTVERHALE

VRAAG 1 – ASTRA CASTRA (Dot Serfontein)

Lees die volgende uittreksels en beantwoord AL die vrae.

> *"Toe nou," sê Eben Bester., "hulle wil begin." Hy kyk af na Ettie, sien die skrik in haar oë. Sy is te jonk. Vir enigiets, dink hy vererg. Sy koue blou oë vat haar verwarde denke vas: kom nou! Dan verander sy stemtoon. Hy boots die skoolhoof na: "Onthou, my dogter, astra castra, numen lumen, reik na die kroon. Haal diep asem en moenie rondvroetel by die wegspringblokke nie." Sy lag. Die dodelike klem in haar maag los, en sy is gereed.*

1.1 Watter belangrike rol speel Eben Bester in Ettie se sportloopbaan? [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en die letter as antwoord neer.

"Sy koue blou oë vat haar verwarde denk vas: kom nou!" beteken met ander woorde ……

A. Eben berispe Ettie se onsekerheid met sy oë.
B. Eben vat Ettie se arm en kyk in haar koue blou oë.
C. Eben kyk aandagtig na Ettie en sê sy moet haar bes doen.
D. Eben kyk weg en hoop Ettie gaan die wedloop wen. [1]

1.3 Die nuwe wegspringtegniek wat Eben met Ettie geoefen het, was by hierdie wedloop suksesvol.

1.3.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Sê JA of NEE. [1]
1.3.2 Motiveer bogenoemde stelling. [1]

1.4 Wie is oom Spekies? [1]

1.5 DRIE van die volgende antwoorde is korrek. **Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE.**

Eben is ontsteld toe Ettie sê sy voel aardig omdat sy gewen het, want…

A. hy het Ettie moed ingepraat toe sy wou opgee.
B. hy moes Ettie dissiplineer om 'n ernstige atleet te word.
C. hy werk maande lank al aan Ettie om net op atletiek te fokus.
D. die wedloop is die resultaat van hulle harde werk. [1]

1.6 Wat is so besonders aan Ettie se tyd met hierdie wedloop? [1]

1.7 Waarom is die toeskouers wat saam met Ettie gekom het, alreeds gereed om te vertrek, al is die atletiekprogram nog nie klaar nie? [1]

Lees die volgende uittreksel en beantwoord AL die vrae.

*Kort voor die atletiekbyeenkoms in Port Elizabeth sit Ettie op 'n dag voor in die klas. Agter haar sit Dolf Marais. "Het jy die trigprobleem uitgekry, Ettie?" vra hy. Hy kry altyd alles uit. Hy moet werk vir 'n hele paar onderskeidings en het dit byna so bitter soos Ettie. Dolf skuif sy huiswerkboek vorentoe. En sy hand raak toevallig aan haar wang. Sy weet dis aspris en hy weet sy weet.*

1.8 Hoekom het Dolf "dit byna so bitter soos Ettie"? [1]

1.9 Wat is vir Eben Bester 'n definitiewe bewys dat Ettie by Dolf afgeskryf het? [1]

1. 10. Watter uitwerking het die atletiek en die strawwe oefenprogram op Ettie se vriendskappe? [1]

1.11 Hoekom wil Dolf Marais nie vir Ettie vra om saam met hom na die die koshuisdans te gaan nie? [1]

1.12 Wat is Eben se troetelnaam vir Ettie? [1]

1.13 Wat is die tema van hierdie verhaal? [1]
{14}

## VRAAG 2: DIE PAKKIE (Leonard Koza)

Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord AL die vrae.

*Die nou strate van Manenberg bly vol stof soos die motors al toetend die straat af ja. Sodra die motors in die rooi stof verdwyn, keer die kinders terug om hul speletjies te hervat. Die straat is vol baljarende, skoolgaande en nie-skoolgaande jongspan van soggens vroeg tot saans laat.*
*"Mirrag, Mammie," groet Esther, Sally Filander se beedskone dogter wat op op hoërskool is.*
*Mevrou Filander is besig om uie fyn te sny en in 'n pot te gooi.*

2.1 Hoekom moet die kinders wat in die strate speel, versigtig wees? [1]

2.2 Vir watter TWEE tipe misdade is Manenberg bekend? [2]

2.3 Wat sien mevrou Filander toe sy die agterdeur oopmaak? [2]

2.4 Alhoewel Esther sê dat die man by die hek nie 'n skollie is nie, voel Sally Filander dat hy wel een is.
Hoe weet ons later in die verhaal dat Sally Filander reg was. [1]

2.5 Watter twee dinge wil Sally onmiddellik van Esther weet? Sy sê sy mag nie uit haar kamer kom voor sy dit weet nie. [2]

2.6 Alhoewel die man by die hek seker graag wil loop kan hy nie. Hoekom nie? [1]

2.7 Wat is die man by die hek se naam? [1]

2.8 DRIE van die volgende antwoorde is korrek. **Skryf net die letter en die nommer van die antwoord wat NIE reg is NIE, neer.**

Esther Filander is paniekerig en smeek en soebat by haar ma en sê

A. dit is nie haar ma se besigheid nie.
B. sy weet nie waarvan haar ma praat nie, sy het geen pakkie nie.
C. die pakkie behoort aan ander gevaarlike mense.
D. sy sal later aan haar ma verduidelik wat aangaan. [1]

*Die bestuurder van die motor en die vrou, Miena, sit 'n sterk front op, maar is innerlik bevrees dat as die pakkie in vreemde hand kom, dit groot probleme kan veroorsaak. Eerstens moet die pakkie uit die huis kom sodat hulle vinnig daarmee kan verdwyn voordat enigeen in die omgewing hulle herken.*

2.9 Hoe behandel Miena vir Jakkals toe sy hom sien? [1]

2.10.1 Waarom is Miena en Pang so kwaad vir Jakkkals? [1]
2.10.2 Waarom moet Miena en Pang so gou "verdwyn"? [1]

2.11 Watter verkeerde afleiding maak party mense in die skare oor die motors by die Filanders? [1]
{16}

**VRAAG 3: OP SOEK NA KID KHUMALO (Dolf van Niekerk)**

Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord AL die vrae.

| |
|---|
| *Die Saterdagoggend vertel sy die vrou van haar bekommernis oor Kid. Sy het nooit die mense met haar familiesake gepla nie, maar dié keer kan sy nie anders nie. Sal die vrou nie asseblief by Kalafong-hospitaal probeer uitvind van Kid nie? Die vrou preek eers vir haar oor die geld voor sy instem. Dit word 'n lang oproep, die vrou raak ongeduldig. Uiteindelik kom sy by iemand uit wat inligting kan verskaf. Ja, sy weet van Kid Khumalo. Ja, Kid Khumalo is al twee weke lank nie op sy pos nie.*<br>*Nee, niemand weet waar hy hom bevind nie. Verlof? Nee. Afgedank? Hulle sou mos geweet het. Sal hulle dié nommer bel as hy opdaag? Ja, sy teken dit aan.* |

3.1 Wie het vir Johanna gaan vertel dat Kid weg was? [1]

3.2 Hoekom het Johanna tien dae lank gewag voordat sy met mev. Theron oor Kid se verdwyning gaan praat het? [1]

3.3 Hoe het die Therons gewys dat hulle graag vir Johanna as huishulp wou behou? [1]

3.4 Hoekom het Thomas en sy vrou Johanna hartseer gemaak? Gee een rede. [1]

3.5 Hoekom voel dit vir Johanna of haar eie lewe nie meer in die lug hang noudat Kid 'n huis het? [1]

3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Toe Thomas by Kid se huis gekom het, het dit nie gelyk asof iemand ingebreek het nie, want…

A. die kamervenster was oop.
B. die sleutel was in die deur se slot
C. die voordeur was toe
D. die ligte in die kombuis was af. [1]

3.7 Kid se bure was 'n goeie voorbeeld van hoe bure vir mekaar moet omgee.

3.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? [1]

3.7.2 Motiveer jou antwoord. [1]

3.8 Kies die naam uit KOLOM B wat pas by die inligting in KOLOM A.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.8.1 Die persoon het Kid se werksplek gebel. | A. Frans |
| 3.8.2 Die persoon het besluit om in die lykhuis na Kid te gaan soek. | B. Mev. Theron |
| 3.8.3 Die persoon het geglo dat Kid by vriende gaan kuier het. | C. Thomas |
| 3.8.4 Die persoon het Frans na Kid help soek. | D. Johanna |
| | E. Thabo |

[4]

*3.9 Thomas se oog val op 'n inskrywing oor 'n ongeïdentifiseerde persoon wat deur 'n motor doodgery is.*

3.9.1 Watter inligting verskaf die konstabel oor die ongeïdentifiseerde persoon? Noem een ding. [1]

3.9.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Wat word 'n ongeluk waar die bestuurder wegry, genoem.

A. Blinde-ongeluk
B. Fratsongeluk
C. Tref-en-trap-ongeluk
D. Per-ongeluk-ongeluk [1]

3.9.3 Hoe het die uitkenning van die lyk Johanna geaffekteer? [1]

3.9.4 Hoe probeer iemand by die begrafnis vir Johanna troos? [1]
{16}

## AFDELING B: GEDIGTE

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4

Lees die volgende gedig noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg

**Thumela - Elmé Barnard**

**tot siens meneer**
**het jy geskree**
**en vir oulaas gemaak ernstig**
**na ‘n kennisgewingbord**
**met hordes sportaankondigings**
**en lyste eksamenroosters**
**wat jou nie meer kon raak**
**gestaar**
**jou boeksak toe**
**met ‘n wilde tol**
**die lug ingeskiet**
**en ‘n geskiedenisboek gepos**
**sodat die blaaie**
**verward**
**oor die verlate skoolvierkant saai**
**terwyl jy laggend**
**om ‘n hoek verdwyn**
**gemaak geskok**
**het meneer weggedraai**
**maar ek het bly wonder**
**of dit vir jou**
**dan niks beteken**

4.1 Wat is die verband tussen die titel en die inhoud van die gedig? [1]

4.2 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die woorde "gemaak ernstig" in reël 3 beteken dat die persoon…

A. waarlik ernstig was
B. kwaad was
C. glad nie ernstig was nie
D. baie ernstig was [1]

4.3 Voltooi die sin. Skryf net die vraagnommer en die woord neer.

Die doel met die spasie in reël 3 is om die woorde wat gaan volg te …….. [1]

4.4 Haal TWEE APARTE WOORDE uit die gedig aan wat bewys dat die akademiese rooster en die sportrooster baie vol was. [2]

4.5 Kies 'n stelling uit KOLOM B om by 'n persoon in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.5.1 "ek" | A. Hierdie persoon is gewoond aan die wilde optrede van leerders wat die skool verlaat. |
| 4.5.2 "meneer" | B. Hierdie persoon dink dis hoe 'n mens moet optree wanneer jy die skool verlaat. |
| 4.5.3 "jy" | C. Hierdie persoon dink dié wilde optrede van die leerder is onnodig |
| | D. Hierdie persoon dink dat die leerder bly is om die skool te verlaat. |

[3]

4.6 Noem een bewys dat die leerder waarskynlik 'n seun kon wees. [1]

4.7 Waarom sou die skoolvierkant "verlate" wees? [1]

4.8 In reël 20 kom daar 'n wending in die gedig voor. Verduidelik hierdie wending. [1]

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die nommer en die letter as antwoord neer.

Wat was die gevolg toe die leerling die geskiedenis boek geskop het?

A. Die blaaie het oor die vierkant gelê.
B. Die boek het in een stuk op die vloer geval.
C. Die onderwyser het die boek gevang.
D. Die boek het in die asdrom beland. [1]

4.10 Het die seun die onderwyser op ‘n beleefde manier gegroet?

4.10.1 Sê JA of NEE. [1]

4.10.2 Motiveer jou antwoord deur ‘n versreël aan te haal. [1]

4.11 Hierdie onderwyser was baie teleurgesteld in die leerder se gedrag.

4.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? [1]

4.11 2 Motiveer jou antwoord. [1]
{16}

## VRAAG 5

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

KONTAK - Theo de Jager

**Ek kon jou met ‘n selfoon bel**
**Om te sê dat ek jou baie mis,**
**Maar die kaart was gekrap, die batterye pap.**
**En die boodskap het in die niet verdamp.**

**Ek het vir jou ‘n brief geskryf**
**En my hart se hoeke daarin uitgewas**
**Maar my pen was te krom, my vingers te dom**
**Om die woorde in die koevert te pas.**

**Toe het ek maar ‘n duif gestuur**
**Sonder skrif of klank, en nou wag ek,**
**Hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom**
**Met ‘n takkie blare in sy bek.**

5.1 Waarna verwys die titel van die gedig? Gebruik EEN WOORD vir jou antwoord en NIE "Kontak" NIE. [1]

5.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Met watter tipe gedig het ons hier te make?

A. Elegie
B. Ballade
C. Heldegedig
D. Liefdesgedig [1]

5.3 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan wat bewys dat die spreker baie na sy geliefde verlang. [1]

5.4 Waarom is die titel van die gedig ironies? [1]

5.5 **"en my <u>h</u>art se <u>h</u>oeke daarin uitgewas"**

5.5.1 Watter stylfiguur kom in bogenoemde aanhaling voor? [1]

5.5.2 Wat beteken dit as jy jou hart se hoeke uitwas? [1]

5.6 **"sonder skrif of klank, en nou wag ek,**
**hoop ek en bid dat hy terug sal kom"**

5.6.1 Waarop hoop en bid die spreker LETTERLIK en FIGUURLIK? [2]

5.7 Voltooi die volgende sin deur die korrekte woord in te vul.

Die "woorde" in strofe 2 is 'n voorbeeld van ………., want dit verwys na die kontak wat die spreker met haar begeer. [1]

5.8 Waarvan is die duif gewoonlik simbolies? [1]

5.9 Noem die drie emosies waardeur die spreker gaan nadat hy die duif gestuur het. Skryf DRIE APARTE woorde as antwoord neer. [3]

5.10 Van watter kommunikasiemiddel sal jy gebruik maak indien jy lanklaas kontak met iemand gehad het? [1]

{14}

VRAAG 6

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**THINGS THAT GO BUMP IN THE NIGHT - Rosa Keet**

**jy los my alleen**
**in ‘n huis vol geluide**
**en hoe minder ek probeer luister**
**hoe harder klink die klank**
**van ‘n onbekende voetstap**
**op die donker trap**
**bang vaak verdwaal ek laat**
**in die gange op soek**
**na slaap**
**wat om elke naghoek verdwyn**
**ek skrik**
**vir die naaldekokerstraatlig**
**deur skaars bewegende blare**
**jou jas aan die kapstok**
**is ‘n man sonder bene**
**ek is bang**
**vir die stofsuierslang**
**op die vloer van die spens**
**en tot jy terugkom**
**sleep ek my vlees**
**soos ‘n kis agter my aan**

6.1 Waarom was die spreker ongelukkig om alleen in die huis te wees? [1]

6.2 Die huis waarin die spreker is, is doodstil.

6.2.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? [1]

6.2.2 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan om jou antwoord te motiveer. [1]

6.3 Wat is die betekenis van die titel en watter verband het dit met die inhoud van die gedig? [2]

6.4 Uit watter EEN WOORD kan ons aflei dat die spreker wil slaap? [1]

6.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Die toon van die gedig is

A. bevooroordeeld
B. beskuldigend
C. beledigend
D. bemoedigend [1]

6.6 Kies elke keer 'n term uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 "naghoek" | A. Personifikasie |
| 6.6.2 "stofsuierslang" | B. Alliterasie |
| 6.6.3 "vaak verdwaal ek" | C. Metafoor |
| 6.6.4 "jou jas aan die kapstok is 'n man sonder bene" | D. Neologisme |
| | E. Assonansie |

[4]

7. Verwys na versreël 11.

7.1 Waarom word versreël 11 alleen geplaas? [1]

7.2 Haal 'n ander versreël aan wat ongeveer dieselfde as versreël 11 beteken. [1]

8. Waarmee word die woord "kis" (versreël 21) geassosieer? [1]
{14}

**GROOTTOTAAL: 70**